**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

IN DEO SAPIENTIAE LUX

Bron nr. 0 0 3 5 | Datum 9 7 0 3 1 1 0 7 0 | Onderwerp nr. 0 8 6 | Kmosek 2874

Beeld Jg............ Nr...................... P. / Dat. 11. 3. 1997

# Fonds het R7 miljard vir infra-struktuur

Vyf nuwe beleggers het kapitaal in die Suid-Afrikaanse Infrastruktuurfonds belê en 'n leningsgerief is ook vir die fonds se projekte by die Europese Beleggingsbank (EIB) geskep.

Die totale kapitaalbelegging in die fonds is nou meer as R693 miljoen. Met die stigting van die fonds in Julie 1996 was daar 'n kapitaalbelegging van net meer as R507 miljoen.

Die kapitaalbelegging stel die fonds in staat om R7 miljard se infrastruktuurprojekte met beleggings en skuldfinansiering te finansier.

Die Standard Korporatiewe- en Aksepbank (SCMB) het gister aangekondig dat Investec Batebestuur (vir Sasria en die Telkom-aftreefonds), Liberty Life, die Poskantoor-pensioenfonds, Southern Life en Ou Mutual Batebestuur (ook vir Sasria) kapitaalbeleggings in die fonds gedoen het.

Standard Bank, Genbel Sekuriteite, Metropolitan Life, Transnet se pensioenfonds, SA Mutual Life Assurance Society en Southern Eagle Insurance was die stigterslede van die fonds, wat net vir die finansiering van infrastruktuurprojekte gebruik sal word.

Mnr. Colin Coleman, direkteur van SCMB, het gesê die toetrede van die nuwe beleggers toon weer dat die private sektor 'n bydrae lewer tot die toekoms van Suid-Afrika.

"Met dié jongste kapitaalbeleggings is die fonds nou die grootste en mees verteenwoordigende kapitaalpoel wat beskikbaar is vir belegging en infrastruktuur in Afrika."

SCMB het ook aangekondig dat die EIB ingestem het om 'n leningsgerief van R80 miljoen beskikbaar te stel vir die finansiering van infrastruktuurprojekte waarin die fonds 'n aandeel het.

Mnr. David Crush, woordvoerder van die bank, sê die gerief verteenwoordig die EIB se toetrede tot finansiering in Suid-Afrika.

TREFWOORDE

1 Nuwe Beeld

2 Standard

3 Aksepbanke

4 Aanbevelings

5 Beleggings

6 Dusa

7 Naamlyste

8 Statistiek

9 Ontwikkeling

10 Infrastruktuur